Y

# Tukkies betoog teen prys vir K. Schoeman

Pretoriase Verteenwoordiger

PRETORIA.

STUDENTE van die Universiteit van Pretoria hou vanmiddag hier 'n protesoptog teen die Akademieraad se besluit om die Hertzogprys vir prosa vanjaar aan Karel Schoeman toe te ken.

Mnr. K. H. Schmidt, 'n student van die Universiteit, het aan Die Volksblad gesê daar word hoofsaaklik betoog omdat die Akademieraad 'n minderheidsverslag aanvaar het. Schoeman moes nie eens 'n tweede of 'n derde keuse gewees het nie, het hy gesê.

Minstens een dosent, dr. Louis Eksteen van die departement Afrikaans-Nederlands, gaan aan die optog deelneem. Dr. Eksteen het gesê hy protesteer teen die raad se beslissing omdat werk van gehalte nie bekroon is nie.

„Ek dink ons moet ons ontevredenheid sigbaar vertoon. Ons leer die studente dat 'n waardeoordeel die hoofsaak is. Kyk wat moet hulle, wat nog idealisties is, nou sien," het hy gesê.

Die plan is dat die protesoptog vanmiddag voor die gebou van die Akademie sal bymekaarkom. 'n Brief van Protes sal daar voorgelees en aan die Akademieraad oorhandig word.

● Lees ook berig onder aan blad.

# Protesmars teen prys is afgelas

PRETORIA. — Die protesoptog wat studente van die Universiteit van Pretoria vandag wou hou teen die toekenning van die Hertzogprys aan Karel Schoeman, is afgelas.

Die studente sou vanmiddag na die gebou van die Akademieraad in Pretoria gemarsjeer het om daar 'n brief van protes teen die Raad se besluit voor te lees.

Mnr. K. H. Schmidt, 'n student wat die optog gereël het, het vanmiddag aan Die Volksblad gesê daar is besluit om van die plan af te sien ná die gebeure in Johannesburg toe studente van Wits gister 'n protesoptog gehou het.

Die Tukkies maak nou planne om op 'n ander manier hul misnoeë teen die toekenning van die Hertzog-prys te kenne te gee. Hulle gaan in elk geval nog die brief van protes aan die Akademieraad stuur.

(● Vroeëre berig op bl. 10)